

HEKEL DIT NOG GOU VIR DIE

SOMER

OP die warmste dag van die jaar sal hierdie nooientjie met die pragtige gehekelde bloesie nog koel en keurig lyk. Die patroon bestaan uit slegs ses rye en die voor- en agterpant word eenders gehekel.

BENODIGHEDE:

Coats Chain Mercer-Crochet nr. 40 (20 gram): 8 bolle in die verlangde kleur; 1 staal hekelpen nr. 3 (as u baie los hekel, gebruik 'n dunner naald of as u styf hekel, 'n dikker naald).

SPANNING: 6 rye per duim.

MATE:

Buustemaat — 36 — 38 duim.

Lengte van die skouer af — 21½ duim.

AGTER- EN VOORPANT

(albei eenders)

Begin met 245 ks, dit moet 19 duim lank meet.

1e ry: 1 lb in die 8e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in elk van die volgende 6 ks, * 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in die volgende ks, 3 ks, 1 kb in die bopunt van die laaste lb (picot gevorm), 1 lb in dieselfde plek as die laaste lb, 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in elk van die volgende 7 ks. Herh vanaf * nog 18 keer, 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in die volgende ks, 3 ks, draai.

2e ry: 2 lb in die eerste spatie, * 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 3 lb in die volgende spatie, 2 ks, 3 lb in die volgende spatie. Herh vanaf * nog 18 keer, 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 2 lb in die laaste spatie, 1 lb in die 6e van die draai-ks, 5 ks, draai.

3e ry: Slaan die eerste 3 lb oor, * 1 lb in die elk van die volgende 7 lb, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, 2 ks, slaan 3 lb oor. Herh vanaf * nog 18 keer, 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 2 ks, slaan 2 lb oor, 1 lb in die 3e van die draai-ks, 6 ks, draai.

4e ry: 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in spatie, * 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, (2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie) twee keer. Herh vanaf * nog 18 keer, 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 2 ks, 1 lb in die laaste spatie, picot, 1 lb in die 3e van draai-ks, 5 ks, draai.

5e ry: * 3 lb in die volgende spatie, 1 lb in die volgende lb, 3 lb in die volgende spatie, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, 2 ks. Herh vanaf * nog 18 keer, 3 lb in die volgende spatie, 1 lb in die volgende lb, 3 lb in die volgende spatie, 2 ks, 1 lb in die 3e van draai-ks, 3 ks, draai.


6e ry: Soos die 2e ry en eindig met 1 lb in die 3e draai-ks, 5 ks, draai.

Herh die 3e tot 6e ry nog 16 keer.

KAPMOUTJIES

71e ry: 1 lb-picot en 1 lb in die eerste lb, 2 ks, slaan 2 lb oor, 1 lb in elk van die volgende 7 lb, hekel in pat en eindig met 2 ks, slaan 2 lb oor, 1 lb-p 1 lb 2 ks en 1 lb in die bopunt van die draai-ks, 6 ks, draai.

72e ry: 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in spatie, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, hekel in pat en eindig met 2 ks, 1 lb in picot in die laaste spatie, 1 lb in die 3e van draai-ks, 3 ks, draai.



73e ry: 2 lb in die eerste lb, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, 2 ks, hekel in pat en eindig met 2 ks, 3 lb in die derde van draai-ks, 3 ks, draai.

74e ry: 4 lb in die eerste lb, 1 lb in elk van die volgende 2 lb, 3 lb in die volgende spatie, hekel in pat en eindig met 1 lb in elk van die laaste 2 lb, 5 lb in die bopunt van die draai-ks, 5 ks, draai.

75e ry: 1 lb in die eerste lb, 1 lb in elk van die volgende 6 lb, hekel in pat en eindig met 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in elk van die volgende 6 lb, 1 lb 2 ks en 1 lb in die bopunt van die draai-ks, 6 ks, draai.

76e ry: 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in die spatie, * 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, (2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie) twee keer. Herh vanaf * nog 20 keer, 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 2 ks, 1 lb in die laaste spatie, picot, 1 lb in die 3e van die draai-ks, 5 ks, draai.

77e ry: Soos die 5e ry met nog twee herhalings meer.

78e ry: Soos die 6e ry met nog twee herhalings meer. Herh die 3e tot 6e ry nog vier keer, dan die 3e ry nog een keer met nog 2 herhalings meer met elke ry.

Fatsoenering van die hals

96e ry: 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in spatie, * 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, (2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie) twee keer. Herh vanaf * nog agt keer, 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 kb in die volgende lb, 4 ks, draai.

97e ry: Slaan die eerste spatie oor, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, hekel in pat tot aan die end van die ry, 3 ks, draai.

98e ry: 2 lb in die eerste spatie, * 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 3 lb in die volgende spatie, 2 ks, 3 lb in die volgende spatie. Herh vanaf * nog ses keer, 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 4 ks, draai.

99e ry: Slaan die eerste 3 lb oor, 1 lb in elk van die volgende 4 lb, hekel in pat tot aan die end van die ry, 6 ks, draai.

100e ry: Soos die 96e ry met vyf herhalings in plaas van agt en eindig met 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 2 ks, 1 kb in die volgende spatie, 4 ks, draai.

101e ry: Slaan die eerste spatie oor, 3 lb in die volgende spatie, hekel in pat tot aan die end van die ry, 3 ks, draai.

102e ry: Soos die 98e ry met vyf herhalings in plaas van ses en eindig met 1 lb in die volgende lb, 4 ks, draai.

103e ry: 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, hekel in pat tot aan die end van die ry, 6 ks, draai.

104e ry: Soos die 96e ry met vier herhalings en eindig met 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, 4 ks, draai.

105e ry: 3 lb in die eerste spatie, 1 lb in die volgende lb, hekel in pat tot aan die end van die ry, 3 ks draai.

106e ry: Soos die 98e ry met vier herhalings en eindig met 1 lb in elk van die volgende 4 lb, 5 ks, draai.

107e ry: Soos die 103e ry.

108e ry: Soos die 96e ry met vier herhalings 5 ks, draai.

109e ry: 1 lb-picot en 1 lb in die eerste spatie, hekel in pat tot aan die end van die ry, 3 ks, draai.

110e ry: Soos 98e ry met 3 herh en eindig met 1 lb in elk van die volgende 7 lb, 3 lb in die volgende spatie, 2 ks, 1 lb in die 3e van die draai ks, 6 ks, draai.

111e ry: 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in spatie, 2 ks, hekel in pat tot aan die end van die ry, 6 ks, draai.

112e ry: Soos die 96e ry met 3 herh en eindig met 2 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in die volgende 1 lb, 2 ks, 1 lb-picot en 1 lb in die volgende spatie, 2 ks, 1 lb in die 3e van draai-ks, 3 ks, draai.

113e ry: 1 lb in die eerste spatie, 2 ks, 3 lb in die volgende spatie, hekel in pat tot aan die end van die ry, 3 ks, draai.

114e ry: Soos die 110 ry, 3 ks, draai.

115e ry: 1 lb in spatie, 2 ks, hekel in pat tot aan die end van die ry. Heg af.

Las die draad by die 3e van die draai-ks, aan die begin van die 95e ry aan en hekel die ander kant om ooreen te stem.

AFWERKING

Werk die skouer- en synate toe.

DIE HALSRANDJIE:

EERSTE MOETIEF: begin met 5 ks, las met 'n gls om 'n ring te vorm.

1e ry: 3 ks, 15 lb in die ring, 1 gls in die eerste kb.

2e ry: 6 ks, 1 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, 1 lb in die selfde plek as die gls, * 1 ks, slaan 1 lb oor, in die volgende lb hekel 1 lb-picot en 1 lb. Herh vanaf * en eindig met 1 ks, 1 gls in die 3e van 6 ks. Heg af.

TWEEDE MOTIEF: Hekel 1 ry soos aangegee vir die eerste motief.

2e ry: 6 ks, 1 kb in die 4e vanaf die hekelpen, 1 lb in die selfde plek as die gls, 1 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 1 ks, 1 kb in die ooreenstemmende picot van die eerste motief, 1 ks, 1 kb in die bopunt van die laaste lb van die tweede motief, 1 lb in dieselfde plek as die laaste lb, 1 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in die volgende lb, 1 ks, 1 kb in die volgende picot van die eerste motief, 1 ks, 1 lb in die bopunt van die laaste lb van die tweede motief en voltooi soos die eerste motief.

Hekel nog 33 motiewe en heg elkeen soos die tweede motief aan die eerste een vasgeheg is en las die laaste motief aan die eerste motief om ooreen te stem.

Werk dit netjies om die halsrand vas.

RANDJIE OM DIE MOUF

Hekel 16 motiewe vir elke mou en heg hulle aanmekaar soos aangewys. Werk die randjies netjies om die moue vas. Maak klam en pars.

